Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum AOO

Verwysing: 20170627-2415
12/2/11/6/2
Navrae: S Rampou
A Lamprecht

Kurrikulu AOO- mminuut: DCG: 0014/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van subdirektorate en afdelings by Hoofkantoor, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Kringbestuurders, VOO- en AOO-koördineerders, Vakadviseurs en Skoolhoofde van alle gewone en onafhanklike skole

Onderwerp: Nasionale Wetenskapweek inkorporeer Wiskunde: 07 tot 12 Augustus 2017

1. Nasionale Wetenskapweek (NWW) is 'n jaarlikse landwye viering van Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese, Wiskunde en Innovasie (WTIWI). Die Nasionale Wiskundeweek maak deel uit van NWW, 'n inisiatief van die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT). NWW word deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir die Bevordering van Wetenskap en Tegnologie (SAASTA), 'n sake-eenheid van die Nasionale Navorsingstigting (NNS), bestuur.

2. Gedurende NWW word veral op **onderrig in Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde** gefokus. Die doel is om hierdie vakke meer aantreklik, aanloklik en lonend vir leerders en die algehele gemeenskap te maak. Skole kan die effek van Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde op ons daaglikse lewens beklemtoon en die belangrikheid van hierdie vakke as 'n grondslag vir verskeie loopbane benadruk. NWW is 'n medium om hierdie vakke gewild te maak en om openbare bewustheid, begrip en waardering daarvan te verhoog. Die tema vir NWW 2017 is: *Bevordering van Wetenskaptoerisme*.

3. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) versoek alle skole om spesiale aktiwiteite tydens NWW te hê wat op hierdie vakke gebaseer is. Die ideaal sou wees om leerders en hul ouers te betrek. Die klem val op bewustheid in Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde in ons alledaagse lewens, om pret te hê en op 'n interaktiewe wyse deel te neem.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2237/2443 Faks: 021 467 9369
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

4. Die volgende nie-regeringsorganisasies (NRO's) is toekenningshouers wat befondsing van SAASTA ontvang het om projekte wat Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde behels, tydens NWW aan te bied. Die tuisblad van die WKOD se webwerf sal 'n program voorsien wat verwante aktiwiteite bevat wat in die Wes-Kaap gehou sal word: http://www.wcedcurriculum.westerncape.gov.za

SAASTA-toekenningshouers van die Wes-Kaap	
Organisasie	**Kontakpersoon**
• Afrika-Instituut vir Wiskundige Wetenskappe / Skoolverrykingsentrum (AIMS) (beter bekend as die *African Institute for Mathematical Sciences / School Enrichment Centre (AIMS)*)	Dr Rejoyce Gavhi-Molefe Telefoonnommer (kantoor): 021 787 9349
• Arcelor Mittal Science Centre	Me Jacque Willems 0747198904 Me Lekgabe Dihlabi 082 449 4580 Telefoonnommer (kantoor): 022 719 1058
• Kaapstadse Wetenskapsentrum (CTSC) [beter bekend as die *Cape Town Science Centre (CTSC)*]	Me Busi Maqubela 083 276 9512 Telefoonnommer (kantoor): 021 300 3200
• iThemba LABS	Me Luchricia Sidukwana 072 228 4423 Mnr Ambrose Yaga 0729888893 Mnr Hilton Tobias 0817717367 Telefoonnommer (kantoor): 021 843 1021
• Garden Route Botanical Garden Trust	Me Kristen Hoek 082 567 3133 Telefoonnommer (kantoor): 044 874 1558
• Suid-Afrikaanse Astronomiese Observatorium (SAAO) [(beter bekend as die *South African Astronomical Observatory (SAAO)]*	Mnr Sivuyile Manxoyi Me Buzani Khumalo 083 476 1131 Telefoonnommer (kantoor): 021 447 0025

• Suid-Afrikaanse Nasionale Ruimteagentskap (SANSA) Ruimtewetenskap, Hermanus [(beter bekend as die *South African Space Agency (SANSA) Space Science, Hermanus)]*	Me Elisa Fraser 071 473 3337 Telefoonnommer (kantoor): 028 312 1196

Vanaf 14 Augustus 2017, sal die WKOD in oorleg met die Kaapstadse Wetenskapsentrum (CTSC), 'n Wiskunde-, Wetenskap- en Tegnologie (WWT) -uitdunronde-kompetisie as deel van die NSW-aktiwiteite bekendstel waarby 30 WWT-fokusskole in die Metropool betrokke sal wees. Die uitdunrondes van hierdie soektog na die beste jong wetenskaplikes, word op Donderdag, 07 September gehou. Hierdie kompetisie vorm deel van 'n inisiatief om die wetenskapkurrikulum met pret en inspirerende aktiwiteite aan te pas om graad 9-leerders van WWT-fokusskole te inspireer om met wetenskap voort te gaan. U skool sal 'n uitnodiging ontvang om aan hierdie prettige aktiwiteit deel te neem om sodoende WWT-vakke aantrekliker, betowerend en lonend vir leerders te maak.

5. Die WKOD bied ook aan skole die geleentheid om hulle aktiwiteite met amptenare en ander skole in die provinsie te deel. Skole word aangemoedig om distriksamptenare te betrek en fotos en videogrepe vir moontlike publikasie op die WKOD se webwerf te neem. Die voorafgenoemde, kan aan vakadviseurs gegee word om op die webblad te laai. Ander sosiale media soos Facebook en YouTube, mag ook oorweeg word.

6. Die WKOD waardeer die ekstra pogings van ons onderwysers om pret met die leer en onderrig van Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde in te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-07-24